

Die volgende is 'n Klastoets soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Klastoets as 'n Hersieningsoefening vir Hoofstuk 1 – Hoofstuk 2.

Opskrif: Hersieningsoefening 3

Heelgetalle en Telgetalle

Vraag 1

Bepaal sonder die gebruik van 'n sakrekenaar:

1.1 $-132 + (-11)$ (2)

1.2 $3 + (-5) - (-11) + 18$ (2)

1.3 $\frac{-30-30}{30}$ (2)

1.4 $\frac{(-16)(4)}{33-1}$ (2)

1.5 $\frac{14}{0}$ (1)

[9]

Vraag 2

2.1 Bereken 18% van R383. (2)

2.2 Elna koop bloese teen R78,50 en verkoop dit teen R149,99.

Haar uitgawes beloop R35,70 per bloes.

2.2.1 Bereken die bedrag wins (of verlies) wat sy op elke bloes maak. (2)

2.2.2 Wat is die persentasie wins/verlies wat sy maak? (Korrek tot 2 desimale syfers). (3)

2.2.3 Sy kan bloese uit Hong Kong invoer wat 35 Hong Kongse Dollar kos.

1HKD=R0.9583. Hoeveel rand kos 'n bloes? (2)

2.2.4 Die verkoopprijs van R149,99 sluit nie BTW in nie. Bereken die bedrag BTW betaalbaar en rond die antwoord af tot 2 desimale plekke. (2)

[11]

Totaal: 20